Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2023

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) PROBEER OM PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's TEEN TE STAAN?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder verduidelik die konstitusionele hervormings bekendgestel deur eerste minister PW Botha in die Suid-Afrikaanse parlement in 1983.

PW Botha was die minister van verdediging, en sy opgang na mag het die weermag in staat gestel om sy invloed oor die onderdrukkende aktiwiteite van die regering te verhoog. Maar, Botha was ook ondersteun deur groot Afrikaner besighede wat apartheid wou hervorm. Botha het beide die onderdrukkende en die hervormende kante van regeringsbeleid gesimboliseer.

ʼn Belangrike hervormingsmaatreël was die wetlike erkenning van swart vakbond-unies in 1979. ʼn Ander was die regering se groeiende erkenning van die permanensie van stedelike Afrikaan (swartmense) bevolking.

Op die politieke vlak, het regeringsleiers ʼn wegbreek van die beginsel van slegs-wit kieserskorps voorgestel. Planne was voorgestel vir ʼn 'driekamer'-parlement met drie kamers. Dit sou beteken dat Indiër- en Kleurlingmense die stemreg gegee sou word. Afrikane sou steeds nie die reg gehad het om te stem nie.

Hervormingsplanne soos hierdie het tot skerp verdelings binne die Nasionale Party gelei. In 1982, het ʼn aantal regsgesindes weggebreek, onder die leierskap van Andries Treurnicht, om die Konserwatiewe Party te vorm.

[Uit *Apartheid to Democracy South Africa 1948–1994*.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder is geneem uit ŉ toespraak gelewer deur dr. Allan Boesak, hoofspreker by die stigtingsvergadering van die United Democratic Front (UDF) wat in Augustus 1983 in die Rocklands-gemeenskapsaal, Mitchells Plain, naby Kaapstad gehou is.

Ons is hier om te sê dat die regering se konstitusionele voorstelle onvoldoende is, en dat dit nie die wil van die meerderheid van Suid-Afrika se mense uitspreek nie. Maar, meer as dit, ons doelwit waarna ons streef is ŉ onverdeelde Suid-Afrika wat sal behoort aan al sy mense, ŉ ope demokrasie waarvan geen enkele Suid-Afrikaner uitgesluit sal wees nie, en ŉ samelewing waarin die menswaardigheid van al sy mense gerespekteer sal word.

Ons is hier om te sê dat daar regte is wat nóg toegeken is nóg ontleen is vanaf die staat; jy sal moet teruggaan verby die geringste ontstaan om sy oorsprong te verstaan; hulle is Godgegewe. En so is ons hier om dit te eis.

Op ŉ manier, het die vorming van die United Democratic Front (UDF) beide beklemtoon en gesimboliseer, die krisis van apartheid, en dit wat sy ondersteuners vir hulself geskep het. Na ŉ geskiedenis van byna 331 jaar van slawerny, rassediskriminasie, ontmensliking (nie bekommerd oor mense) en ekonomiese uitbuiting, wat hulle verwag het was aanvaarding van die status quo (huidige situasie).

[Uit https://www.sahistory.org.za/archive/united-democratic-front-national-launch-august-20-1983 Toegang op 10 Januarie 2023 verkry.]

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon dr. Allan Boesak, Archie Gumede en Mev. Naicker by die bekendstelling (stigting) van die UDF op 20 Augustus 1983.




[Uit https://www.sahistory.org.za/article/united-democratic-front-udf Toegang op 15 Januarie 2023 verkry.]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder verduidelik die reaksie van die apartheidsregime teenoor die UDF.

Gedurende die Delmas hoogverraadverhoor in Junie 1985 het die staat 22 UDF-leiers en aktiviste van die Vaal met hoogverraad, ondermyning (om die regering omver te werp) en moord, in ŉ marathon-verhoor aangekla wat in die klein dorpie van Delmas begin het. Die beskuldigdes het UDF-nasionale leiers Popo Molefe (nasionale algemene sekretaris van die UDF, Mosiuo Patrick 'Terror' Lekota (nasionale publisiteit-sekretaris) van die UDF, en Moses 'Moss' Chikane ingesluit.

Die moordaanklagte was ingebring op die wettige gronde van 'algemene doel', waar die staat erken het dat die mense wat aangekla was nie self die moorde gepleeg het nie, maar dat hulle as leiers en organiseerders van die Vaal-proteste/oproere, as verantwoordelik beskou word as die protesteerders regeringsamptenare doodmaak.

Die staat het die aanklagte teen die drie beskuldigdes in 1986 teruggetrek. Vier jaar na die begin van die Delmas-verhoor, in November 1988, het die regter beslis dat die UDF eintlik opgetree het as die 'interne vleuel van die ANC'; het gewerk om die land onregeerbaar te maak, en om die regering deur geweld omver te werp. Op 8 Desember, het die regter Terror Lekota, gevonnis tot 12 jaar in die tronk, en beide Popo Molefe en Moss Chikane tot 10 jaar in die tronk.

In 1989, het die Appèlhof die vonnisoplegging omgekeer en die Delmas-aangeklaagdes was vrygelaat. Die verhoor was die langste politieke verhoor in Suid-Afrika met 437 dae in die hof.

[Uit https://www.saha.org.za/udf/repressing_the_leadership.htm. Toegang op 21 Januarie 2023 verkry.]

## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM DIE WONDE VAN ’N VERDEELDE SUID-AFRIKA TE GENEES?

### BRON 2A

Die volgende is ’n uittreksel wat handel oor ontbloting en uitdrukking van slagoffers gedurende die WVK.

Daar is twee belangrike dinge wat by die Suid-Afrikaanse Waarheids-en-Versoeningskommissie na vore gekom het. Die eerste is dat dit ’n merkwaardige en verreikende publieke (openbare) blootstelling van menseregteskendings en misdade gepleeg onder die apartheidsregime bereik het … Dit het ’n voorheen teensinnige bevolking (hoewel, daar natuurlik steeds ontkenning op een vlak is) gedwing om te sien dat apartheid moreel onverdedigbaar was; dat dit ’n misdaad teen die mensdom is. Dit het ’n argief (bewaarplek) geskep wat mense toelaat om hul verlede te ondersoek en hopelik daaruit te leer.

Tweedens, dit het gewone mense toegelaat om uitdrukking te vind vir die lyding onder die regime (regering). Dit het ’n totale katarsis (genesende) funksie vir baie van die slagoffers gehad … Dit is in hierdie sin dat ’n vorm van versoening alreeds plaasgevind het.

[Uit *The South African Truth Commission, 2000* deur K. Christie.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Hierdie bron deel met die positiewe aspekte van die WVK.

Die WVK moes ook griewe hanteer wat gespruit het uit die aksies (dade) van beide swart en wit gedurende apartheid. Om mense aan te moedig om na vore te kom, was beperkte amnestie aangebied. Amnestie impliseer nie vergifnis of vrywaring nie, maar beteken eenvoudig dat vir enige erkende misdade die oortreder nie later voor die hof gedaag kon word nie. Diegene wat amnestie versoek het moes voor 'n ope verhoor getuig.

Die verhore was ontwerp om agtergeblewe slagoffers die geleentheid te bied om diegene wat hulle skade aangedoen het te konfronteer en te vra hoekom, en om oortreders die kans te gee om berou te toon, as hulle wou. By hierdie verhore, het baie slagoffers geleer wat met hulle geliefdes gebeur het wat verdwyn het of wat dood gevind was. Ander het vir die eerste keer die individue (persone) verantwoordelik vir dit gekonfronteer.

Vir sommige mense was die plek van die liggame van hul geliefdes vertel en was hulle dus in staat om die oorblyfsels te vind vir 'n behoorlike begrafnis. Alhoewel die kommissie sy kritikusse gehad het, onder hulle familielede wat die kans om geregtigheid in die howe te soek, was dit algemeen beskou as 'n sukses in die aanmoediging van die nasie om aan te beweeg na die gruwels van die apartheidsera.

[Uit *South Africa in the 20th Century* deur P. Joyce.]

**BRON 2C**

Hierdie spotprent deur Zapiro beeld uit hoe die Nasionale Party (NP) kennis ontken van sy betrokkenheid in die 'Vuil Skelm(Onderduimse)streke'-veldtog teen ANC aktiviste.

*Zapiro – 'n Welbekende Suid-Afrikaanse spotprentjie-tekenaar




[Uit *Sowetan*, 9 Junie 1995]

**WAT IS 'APARTHEID'?**

**DERDE MAG**

**VLAKPLAAS**

**MOORDBENDES**

**NASIONALE PARTY**

**KENNISGEWING DEPT 1980's SKELMSTREKE: Betrokkenheid in bombardering, foon-afluistering, diefstal van unie fondse, spioenasie, smeerveldtogte**

**WIE HET DIE OPDRAGTE GEGEE? GAAN JULLE AANHOU OM ONTKEN DAT JULLE ENIGEIETS WEET WAT GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA GEBEUR HET?**

## BRON 2D

Die volgende is ŉ evaluering van die werk van die WVK.

Een van die grootste beperkings om slagoffers se menswaardigheid te herstel – en wat grootliks buite die beheer van die Kommissie was – was die politieke spanning wat gedurende sy werking geheers het. Dit het gespruit uit die onwilligheid van die Nasionale Party en sommige ekstreme regsgesinde groepe om toe te sien dat die WVK aspekte van die verlede ondersoek wat hulle politieke geloofwaardigheid skade kon berokken. Hierdie partye beskuldig die WVK dat dit ŉ 'heksejag' was eerder as ŉ ware instrument vir nasionale versoening, en het die Kommissie se werk gefrustreer deur gereelde regsaksies teen die WVK in te stel. Die Kommissie se grootste politieke fout was die neiging om in te gee teen hierdie politieke groeperings in ŉ poging om hulle toegewyd aan die proses te hou … die delikate politieke taak van die WVK het sy verhoudings met slagoffers wat regverdiglik gefrustreerd was deur die tekort aan voldoende geregtigheid wat dié posisie gewaarborg het. Vir herstellende geregtigheid om te seëvier, het slagoffers nodig om te sien dat oortreders berou toon. Dat dit nie gekom het nie van die politieke party wat die land onder apartheid regeer het nie, het die proses ŉ geweldige terugslag toegedien.

[Uit *The Truth and reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice* deur T. Maepa]

Kopiereg voorbehou 

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse was geneem uit die volgende:

*Apartheid to Democracy South Africa 1948–1994*

Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission*

https://www.sahistory.org.za/archive/united-democratic-front-national-launch-august-20-1983

https://www.sahistory.org.za/article/united-democratic-front-udf]

https://www.saha.org.za/udf/repressing-the-leadership.htm

Maepa, T. *The Truth and reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice,* 2005, Pretoria.

Joyce P. *South Africa in the 20th century*

*The Sowetan*, 9 June 1995